




JAN-LINDE DU TOIT

11 Oktober 1935 – 21 Februarie 2019

Dit is met groot hartseer, maar diepe erkenning en eer wat ons by die Dutoit Groep afskeid neem van Jan-Linde du Toit wie op 21 Februarie 2019 in die ouderdom van 83 jaar oorlede is.

Jan-Linde was 'n leeftyd van meer as ses dekades betrokke by die Dutoit Groep en was een van die "stamvaders" van ons familie.

Saam met Cathrine, Deon, Conrad, Gysbert, Linde en Hennie en hul gades met 16 kleinkinders, wil ons van die groter Du Toit-familie, huidige en oud-kollegas van die Dutoit Groep en medeboere sê:

"Ons kan getuig dat Jan-Linde se wonderlike persoonlikheid ons almal se lewens verryk het met sy positiewe en stimulerende denke."

Jan-Linde het diep spore getrap in die Suid-Afrikaanse landbou, die vrugtebedryf en die Ceres gemeenskap.

Sedert Jan-Linde in 1954 by die boerdery aansluit by sy pa, Gys du Toit II en sy broer, Gys du Toit III, het hy met 'n besonderse oog en gevoel vir die groter prentjie en ondersoekende denke vir die neem van berekende risiko's grootliks tot die totstandkoming en uitbou van die Dutoit Groep en landbou in die Wes-Kaap bygedra.

Die Dutoit Groep en sy mense bring graag hulde aan Jan-Linde, wie deur sy gawe as gespreksgehoor met akkommoderende styl sy kollegas en medeboere aangemoedig het tot groei en ontwikkeling. Hy het deur sy voorbeeld mense positief beïnvloed.

Jan-Linde het ons uitgedaag om groot dinge aan te pak wat gelei het tot omvangryke beleggings en hierdeur is baie mense se lewens verryk.

Van die talle voorbeelde van Jan-Linde se entrepreneurskap, is die ontwikkeling van die pragtige landgoed, Lindeshof vanaf 1963 en later Paardekloof en Tandfontein. Hy bou nuwe damme, nuwe grootskaalse boorde, 'n plaaswerf met kantore, werkswinkel, woonbuurt – alles. 'n Projek wat beleggers in vandag se tyd sal uitdaag.

Saam met sy kollegas vestig Jan-Linde vaste beginsels vir die bou van volhoubare besigheidseenhede. Hiervoor ontvang hy erkenning met:

1987 - Landbouskrywersvereniging van Suid-Afrika as Boer van die Jaar op grond van sy leidende rol op landbougebiede en tot die welslae van die familie-onderneming.

Uitgawe 33

In hierdie uitgawe:

Jan-Linde du Toit	1
Kantoor-etiket	3

Afdelingsnuus:

Paardekloof	3
Kromfontein	4
Swartdam	4
Crispy	5
Dutoit Groente	6
Oos-Kaap	6
Tegnies	7
Dutoit Bemaking	8

Algemeen:

Gesondheid	8
Aanstellings en Aftredes	10

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Oordelikeheid
Menswaardigheid

1990 - OHS Reynecke medalje van die LNR as leier in die Sagtevrugtebedryf.

2011 - "Die Burger" se Sakeleier van die jaar saam met Gys en Pieter.

Jan-Linde het ook gedien op verskeie Direksies en Rade waarvan 24 jaar as Voorsitter van die Dutoit Groep Direksie asook Voorsitters van Ceres Koelkamers, SAPO (Suid-Afrikaanse Plantverbeterings organisasie en die Inmaakraad).

Jan-Linde, ons groet jou met groot waardering vir jou opoffering oor baie jare en ons bed is dat jou erfenis kan voortleef en as boustene en inspirasie dien vir die wie die aflosstokkie verder moet neem.

Namens die Direksie en kollegas van die Dutoit Groep: PSF du Toit



KANTOOR-ETIKET: MOETS EN MOENIES

Oopplankantore is 'n werkplek-realiteit, dit bevorder spanfunksionering en –motivering. Deur die regte optrede-etiket te handhaaf en deel van die oplossing te word, sal jy 'n positiewe bydrae tot die opset kan maak.

Skep 'n vriendelike werkomgewing deur hierdie “goue reëls” te volg.

Hou in gedagte dat kantoor-etiket nie daarop gemik is om jou werkplek in 'n streng, onvriendelike omgewing te verander nie, maar om 'n produktiewe ruimte te skep waar kollegas mekaar respekteer.

MOET:

1. Gebruik oorfone wanneer jy na musiek luister.
2. Skakel jou selfoon se klank af. As jy 'n dringende oproep verwag, kan jy jou selfoon naby jou hou sodat jy dadelik kan antwoord.
3. Maak die ketel vol vir die volgende persoon.
4. Onthou om jou eie kos voor 'n naweek uit die yskas te haal.
5. Vervang die drukker se papier as jy die laaste bladsy gebruik het.
6. Ruim op wanneer jy die kantoor kombuis gebruik het, veral voor 'n naweek.
7. Wees betyds, en vra om verskoning as jy nie is nie.
8. Neem ander in ag wanneer jy 'n venster oopmaak of 'n waaier of die lugversorger aanskakel – vra voordat jy dit doen.
9. Hou jou lessenaar netjies sodat papierwerk en skryfbehoeftes nie op jou buurman se lessenaar beland nie.



MOENIE:

1. Moenie jou skoene uittrek nie.
2. Moenie kos uit die kantoor-yskas haal wat nie aan jou behoort nie.
3. Moenie kos wat sterk ruik by die kantoor eet of in die mikrogolfoond warm maak nie.
4. Moenie lang, luide, nie-werkverwante gesprekke met 'n vriend/kollega by jou lessenaar voer indien jy in 'n oopplankantoor werk nie – gaan gesels eerder in die konferensiekamer of 'n koffiewinkel. Dieselfde geld vir persoonlike gesprekke op jou landlyn – vra die persoon om jou op jou selfoon terug te skakel sodat jy iewers anders kan gaan praat.
5. Moenie oor jou lessenaar met 'n ander kollega jou werk bespreek nie. Al is dit werk wat tot hulle betrekking is. Maak steeds 'n afspraak. Almal se tyd is kosbaar.
6. Moenie by jou lessenaar sit en tittewyt nie. Gaan kleedkamer toe as jy wil hare borsel, jou grimering wil opknap of wil tande borsel.
7. Moenie hard op jou telefoon of met ander kollegas in die kantoor praat nie. Respekteer die kollegas wat besig is by hul rekenaars.

Neem mekaar in ag, maak respek jou motto. Bespreek dit eers onder mekaar, maak voorstelle en stel riglyne in spanverband op. As jy voel dat jou kollegas aan sommige hiervan herinner moet word, kan jy dit dalk uitdruk en in julle kantoor opplak.

AFDELINGNUUS

Paardekloof



Op 26 Januarie 2019 het Paardekloof Woelwaters Bewaarskool 'n “Back 2 School” dans aangebied ter wille van fondsinsameling vir ons dag- en nasorgsentrum. Die ouers, gemeenskap en buurplase het die dans goed ondersteun en het die geleentheid vreeslik geniet, veral omdat hulle skooldrag moes aantrek na die dans! Hilary Oktober die prys gewen vir “best dressed”.

Ons bewaarskool hou kwartaalliks 'n fondsinsamelingsfunksie, nie net om addisionele fondse in te samel vir die skool nie, maar ook om gees en positiwiteit onder die mense te bou. Baie dankie aan Mnr. Cronje vir sy ondersteuning en almal wat die dans bygewoon het.

Lenchen Visser

Kromfontein



Tydens Kromfontein se 2018/2019 plantseisoen was daar 'n proef met pampoene gedoen, om te kyk of daar nie 'n groenteproduk is wat kan aansluit by die huidige wisselbouaksies van Dutoit Agri nie. Daar was besluit op die Hokkaido variëteit met die naam Colinky. Die variëteit groei baie vinnig en het redelik eenvormige pampoene wat tussen 0.6 en 1.6 Kg pluk gereed is. Die aantreklike vorm en kleur van die pampoen is baie gewild in die Europese-mark.

Die pampoene is tussen die laaste week in Oktober en die eerste week in November geplant. Binne die eerste twee weke was daar reeds duidelike groei. Die pampoene is onder seil met drupperlyne geplant, wat ook 'n eerste was vir Kromfontein. Slegs 0.9 ha is geplant. Die eerste oes het ongeveer 43 ton per hektaar gelewer uit 'n potensiële oes van 52 ton per hektaar. Vanaf plant tot oes was daar slegs 3400 Kubiek water per ha gebruik.

Daar word nog besluit of die pampoen enige toekoms vir Dutoit Agri inhou. Daar gaan wel weer proewe gedoen word, hetsy met hierdie pampoen of ander gewasse.

Nico van der Westhuizen

Swartdam

In die Landbouweekblad van 5 Oktober 2018 het daar 'n artikel oor die Renosterveld in die Swartland verskyn. Hierdie artikel is geskryf deur mnr Stephen Cousins wat navorsing oor die Swartland Renosterveld gedoen het. Vir die doel van sy navorsing, wat hy vir sy doktorsale studies gedoen het, het hy ook op Swartdam (Porseleinberg) navorsing gedoen en in die gastehuis vertoef. Mnr Cousins is egter in Junie 2018 in 'n motorongeluk oorlede voordat die artikel gepubliseer en sy navorsing voltooi kon word.

Hier volg 'n kort uittreksel uit sy artikel:

- Die naam Swartland kom van die renosterveld wat voorheen oorstroomde in die Swartland voorgekom het. In die somer raak die tipiese plante in die renosterveld, soos renosterbos, wilde roosmaryn en struik uit die madeliefiefamilie amper swart.
- Renosterveld is 'n immergroen struikagtige grasveld met buitengewone bewaringswaarde. Dit kom veral voor op kleigrond wat betreklik vrugbaar is en het graniet of skalie as moedergesteente.
- Renosterveld is besonder ryk aan bolplante en struik, wat dikwels deur die renosterbos oorheers word. Verskillende grassoorte is ook prominent. Renosterveld is dus nie renosterbos nie, maar 'n plantgroeitype, 'n soort Mediterreense struikveld.
- As gevolg van landbou-uitbreidings, is die renosterveld tans ernstig bedreig en is daar minder as 5% van die oorspronklike veld oor. Die vernaamste stukke is in die heuwels van Darling, die laer hange van Paardeberg en 'n paar stukke by Malmesbury, Moorreesburg en Koringberg.
- Daar is 29 soorte renosterveld, waarvan 4 in die Swartland voorkom, naamlik Swartland-skalie, graniet-, silkreë en alluvium-renosterveld. Drie van dié soorte word as ernstig bedreig beskou en die vierde is kwesbaar.
- Darling se renosterveld is besonder ryk aan verskeidenheid en 'n opname in 1994 het 420 verskillende soorte plante opgelewer. Endemiese plante (wat NET daar voorkom), sluit in die blou-en-rooi kelkewyn (kwesbaar), die geelbobbejaantjie (ernstig bedreig) en die geel kelkewyn (ernstig bedreig). Die meeste renosterveld in Darling is op

private plase, maar stukke renosterveld word beskerm deur die Darling renosterveldreservaat, die Groenkloofreservaat, die Waylands veldblomreservaat en die Tienie Versveldreservaat. Ongelukkig het van hierdie reserwate nie voltydse bestuurders nie, wat tot gevolg het dat die veld nie dikwels genoeg brand nie en dit skep 'n bedreiging in die toename van indringerspesies.

- Custodians of Rare and Endangered Wildflowers (CREW) het in 2016 opnames van drie belangrike stukke renosterveld gemaak: Op 'n plaas by Riebeek-Wes, 'n stuk munisipale grond by Malmesbury wat Klipkoppie genoem word en 'n plaas op die Porseleinberg by Riebeek-Kasteel (Waar Swartdam ook geleë is). Tydens hierdie opname is 'n nuwe bevolking van die bedreigde *Marasmodes Spinosa* gevind. Daar is tevore gedink hierdie spesie kom net by Elandsberg voor. Nog 'n interessante vonds was die *Polhillia ignota*, 'n struik van die peulplantfamilie wat 80 jaar gelede versamel is. Later is dit as uitgestorwe geklassifiseer, maar in September 2017 het CREW 'n klein groepie van 13 plante in 'n stukkie Swartland Skalierenosterveld naby Eendekuil gevind. Hierdie belangrike vondse gee 'n aanduiding waarom dit so belangrik is om die oorblywende stukkie renosterveld te bewaar en versigtig te bestuur.
- “Grondeienaars behoort nie bewaring in renosterveld in landbouproduksierme te beoordeel nie”, sê mnr Mike Gregor, Besturende Direkteur van die plaas Elandsberg naby Wellington. “Vir ons is die voordele ten opsigte van waterbewaring. Die Elandsberg is deel van die spons van die Bergrivierstelsel.” Die grootste voordeel van die bewaring van die renosterveld is die moontlikhede vir landboutoerisme en die geleentheid om ander soorte van uitwissing te red deur hulle habitat te bewaar.

Hierdie belangrike navorsing wys net weer vir ons hoe belangrik dit is om met 'n bewaringsgesindheid te boer en sensitief te wees vir die habitat. Ons is dit aan ons nageslag verskuldig.



Mnr Stephen Cousins is in Junie tragies in 'n motorongeluk oorlede voordat die artikel geplaas is. Hier staan hy by vuur in een van die stukkie renosterveld wat hy bestudeer het. Vuur is een van die belangrikste restourasiestrategieë in renosterveld.

Nadat van die renosterveldfragmente in die Swartland gebrand is, het skaars en bedreigde plantsoorte opgekom en geblom. Die plante is die bedreigde *Aristea lugens* (1), wat net in die Swartland renosterveld gevind word en net na vuur blom. Foto 2 is 'n *Lachenalia*-soort (viooltjie) en foto 3 is 'n *Babiana* (bobbejaantjie).

Crispy



Gedurende November het die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum verskeie plase besoek waar NQF 4 studente aangestel is. Na afloop van besoek aan Crispy, het Jacob Coetzee (Hoof van Leerlingskap by die Opleidingsentrum) en Archie van Biljon (Aanbieder by die Opleidingsentrum) besluit om erkenning te gee aan Coshla en Vreeland vir hulle vordering en bydrae ten opsigte hulle NQF 4 studente se besondere ontwikkeling. Hierdie sertifikaat is die eerste van sy soort wat deur die Opleidingsentrum oorhandig is. Op die foto verskyn Deon Julies van Vreeland en regs May Manual van Coshla.



Crispy is ook baie trots op die ontwikkeling van 4,7 ha drape nette oor Panorama Goldens op Coshla. Die nette was oop gehou tot net voor die oesprosesse begin het, hierdie metode het baie mense beïndruk.

Jacques Visser

Dutoit Groente



Die Jaarlikse Markagente-dag was op die 19de Februarie by Dutoit Groente gehou. Gedurende die geleentheid word die agente bedank vir hul toewyding die afgelope jaar. Ons besoek aan Kromfontein was 'n groot hoogtepunt. Gys du Toit Jr. en sy span het die agente deur die appel- en peerboorde gevat en meer vertel oor die produksieprosesse. Ons het by die uie-lande afgesluit waar die intensiteit van arbeid wat lei tot 'n top gehalte produk bespreek is.

Agterna het ons die voorlegging en prysuitdeling by Lindeshof Manor gehou. Pieter Meyer van RSA Johannesburg het die algehele prys given en die Wayne Torlage van RSA Durban het met die kleinverpakkingspryse weggestap. Die markagente was beïndruk met elke Landgoedbestuurder se passie asook die netheid op die Landgoedere.



Woolworths se tegniese-, aankoper en produkontwikkeling bestuurders het op 15de Januarie Dutoit Groente besoek met 'n fokus op die ontwikkeling van nuwe kultivars en proewe. Martin Smith en die Upotspan in samewerking met Dutoit Groente het 'n baie goeie uitstalling vir die besoekers aangebied. Martin het hulle bekend gestel aan 185 kultivars waartydens hy elkeen se sterk en swak punte bespreek het.

Al die proefkultivars word vir 5 jaar getoets vir mark aanvaarbaarheid, stoorvermoë, opbrengs en kwaliteit. Woolworths se verteenwoordigers het op verskeie kultivars besluit vanuit 'n kosmetiese en smaak oogpunt. Upot sal die seleksies verder toets en proewe doen om te kyk wat die beste gaan wees vir beide Dutoit Groente en Woolworths.

Oos-Kaap

Op 22 Mei 2018 word 'n huurooreenkoms tussen Dutoit Agri en S&R Animals (Wim Roux) geteken. Grond word op Apieskraal gehuur vir 'n vrugteboom kwekery as uitbreiding vir Rosenhof Kwekery om die klimaat in Waboomskraal te toets. Petru Wiese word na sy aftrede op Waboom as projektebestuurder daar aangestel. Dutoit Agri sal voorkeur geniet vir die bome wat hier gekweek word. Die doelwit is om sterker en later geveerde bome te voorsien. Tans is daar net meer as 100 000 onderstamme van M7, M9 en MM109.



Hier volg 'n paar opwindende brokkies nuus vanuit die tegniese afdeling:

1. Dutoit Agri is tans besig met inisiatiewe om alternatiewe onkruidbeheermiddels (meganies en stoom) te bevorder. Die mikpunt is om chemiese produkte soos Paraquat, Glifosaat (Round up) en Glifosinaat ammonium (Basta), wat onder toenemende druk in die markplek is, uit te faseer.
2. Die grondgesondheidsprojek wat fokus op produksietonne, verminderde waterverbruik ensovoorts het baie goeie resultate opgelewer. Die kompos en mulch wat reeds vir 'n paar seisoene gebruik is, beklemtoon die rigting waarna ons moet streef.
3. Opwindende resultate word ook tans waargeneem by die nuwe generasie HDA appelboorde wat beter ton/ha en goeie vrugkwaliteit lewer. Dit word moontlik gemaak deur meer dwergende-onderstamme te plant. 'n Nuwe boomargitektuur benadering (Tall slender spindle) is hier belangrik, wat inderwaarheid beteken dat ons 'n area vol plant in plaas van vol te laat groei. So 'n boord is meer arbeidsvriendelik en effektief in terme van watergebruik.
4. Die resultate wat tans met "drape nette" bereik word, dui op aansienlike hoër klas1 ton/ha uitpakte. Die resultate dui aan dat die kapitaal belegging wat in die nette gemaak is, binne 1.5 jaar terugbetaal kan word.
5. Die resultate wat tans met reflektiewemateriaal bereik word, dui op aansienlike hoër klas1 ton/ha uitpakte.
6. Retain word gebruik om die groen kleur asook die plukvenster van Golden Delicious appels te beskerm en bestuur. Die proses is reeds 'n gevestigde praktyk, maar Harvista word die afgelope paar seisoene beproef as toevoeging tot ons "toolbox" om kwaliteit te bestuur. Die voordele van Harvista is dat dit op 'n later stadium as Retain toegedien kan word om die ryp word en kleurafbraak te vertraag.
7. Ons is konstant besig met die evaluasie van verskeie nuwe en opwindende kultivars wat hoë waarde tot ons appelmandjie kan byvoeg. Nuwe kultivars wat die laaste klompie jare bygevoeg is en suksesvol tans kommersieel verbou en bemark word sluit Jazz™, Kanzi®, Lady in Red (Pink Lady®), Royal Beaut, Flash Gala® (Bigbucks) en Envy™ in.
8. Op nektariens was daar vanjaar proewe gedoen met die toediening van Progibb en Regulex op die terminale knop van die leier. Die doel hiervan is om vas te stel of die verlangde boomhoogte vinniger bereik kan word. Belowende resultate is verkry met die moontlikheid om hierdie bome 'n jaar vroeër op boomhoogte te kry en sodoende 'n jaar vroeër in produksie kan kom.

Linde du Toit



1. Duncan Park, 'n na-oes spesialis van Turners and Growers, het gedurende Februarie Dutoit Agri besoek. Die doel van sy besoek was om die kwaliteit, uitpakte standaard en na-oes verkoeling van Dutoit se Jazz™ appels na te gaan. Hierdie variëteit is sensitief vir "Soft Scald", daarom word streng verkoelingsprosesse gevolg.

Soos meeste klubvariëteite is die kleurvereiste van Jazz™ baie hoog, daarom word daar baie moeite met die snoei, uitdun en plasing van die vrugte vir maksimum sonlig blootstelling gedoen. Die gebruik van reflektiewe materiaal vir kleurverbetering word ook ondersoek.

Willie Kotze




Die Jazz™oes lyk baie belowend. Die vrugte kleur besonders goed en ons hoop om vir ons belegging in Sci-Fresh (bemark onder trade Mark Jazz™) te kan pluk. Ons is afhanklik van Turners and Growers in New Zealand wat die variëteiteienaars is, om die bemakingsveldtog te dryf. Die hoofmarkte is VK, Europa en die Verre Ooste. Lokaal bemark ons Jazz™ eksklusief aan Checkers.

Gysbert du Toit

2. Ons bly in 'n ongelooflike mooi area met bome, berge, blomme, water, voëls, ensovoorts. Ons moet baie meer verantwoordelikheid neem vir die omgewing. Ons moet onself daaraan herinner dat herwinning 'n verskil kan maak. Ons is tans besig met 'n projek waarin doppies en broodknippies versamel word. Kontak Martienet Uys vir meer inligting sodat ons iemand se lewe kan verander deur 'n rolstoel te skenk. Ons moet 450 kg doppies of 50 kg broodknippies hê om 1 rolstoel te borg. Ons het reeds 20.5 kg doppies en 3 kg broodknippies. Die algemene reël is dat die doppies die tipiese herwinningnummers in die foto moet vertoon.

Martienet Uys



3. Bruising and cracking (amongst others) are quality defects in fruit, induced during harvest and postharvest handling. The interaction between many different factors cause these defects. We are assessing all the factors that contribute towards bruise-damage on apples, in the effort to reduce damages caused by bruising. We are also investigating the potential use of image analysis (such as NDVI) to identify high, medium and low vigour areas in an orchard block and correlate this with cracking on apples.

Siziphiwe Dinwa

BEMARKING



1. Landbouverteenwoordigers uit China het Dutoit Woensdag 13 Februarie besoek met 'n fokus op die uitvoer van pere. Die besoek was onder leiding van DAFF (Departement Landbou, Bosbou en Visserie) en Hortgro. Die Chinese verteenwoordigers het vier leiers in die Landbou-industrie besoek, waarvan Dutoit een was. Geskiedenis in die Suid-Afrikaanse Landbou-industrie was reeds in 2017 gemaak toe die eerste appels na verskeie Chinese markte uitgevoer was. Om pere na China toe te kan uitvoer, sal ook 'n groot deurbraak wees om sodoende groei in die peerbedryf te bewerstellig en die markte te diversifiseer.

Gysbert du Toit



2. Ons het aan die einde gekom van 'n goeie, maar uitdagende steenvrugte-seisoen. Ons is tans besig om die Nektarienvoorraad op die markte uit te werk, maar ons beplan om Pruimvoorraad tot einde Maart aan die markte en supermark programme te voorsien.

Gedurende Augustus 2018 was daar nuwe advertensiemateriaal by die Johannesburg- en Durban markte opgesit. Die uitstallings vang onmiddellik die oog en lok verseker meer kopers na die Dutoit handelsmerk.

Dutoit Vrugte is goed in twee van Suid Afrika se grootste supermarkte (*Pick 'n Pay* en *Shoprite /Checkers*) geposisioneer. Ons skuif weekliks groot volumes in hierdie programme. Beide programme toon goeie potensiaal om te groei.

Season Fresh is baie opgewonde oor die nuwe geleentheid wat hul het om daagliks aan direkte kliënte te voorsien. Daar word tans tussen 80 en 100 palette per week deur Season Fresh geskuif.

Karien Bassett

3. Dutoit Vrugte het weer na 'n hele paar jaar vir die Fruit for Schools projek in die UK gepak. Die doel van hierdie oefening is om op 50-55mm appels per bin waarde toe te voeg. Alle appel variëteite wat Dutoit produseer, word gepak. Die program bestaan uit 32 houters met die potensiaal van 60 houters.

Die eerste 22 palette x 18kg houer is verskeep na Maleisië. Tradisioneel word daar 21 palette x 18kg per houer verskeep. Die kleiner 18kg karton en die nuwe pallet grootte het bygedra tot die ontwikkeling wat groot besparing op verskepingkoste meebring.

Louis du Toit

GESONDHEID

VERSLAWING : DIE SIEKTE VAN ONS TYD

Ons leef in 'n samelewing waar alkohol en sigarette vryelik te koop aangebied word. Vroeër jare is dit ook gereeld in advertensies verheerlik as sou dit van jou 'n man maak, vreugde bring, satisfaksie gee en vele meer. In onlangse tye het die wetgewing aangepas en word advertensies nie meer toegelaat nie. Tesame daarmee het tabak en alkohol sportborgskappe ook in die slag gebly. Hierdie maatreëls het gevolg omdat die owerhede werklik besorg is oor die negatiewe impak van alkohol en dwelms op die samelewing.

In 2016 het daar meer as 21 000 mense op Suid-Afrika se paaie gesterf. Die helfte van hierdie mense se nadoedse ondersoeke het aangedui dat hulle te veel alkohol in hulle bloed gehad het. Mense besef nie dat so min as 2/3 van 'n bier jou reeds oor die toelaatbare vlak kan stoot nie.

Dis is alombekend dat dagga en ander dwelmgebruik ook toeneem. Al hoe jonger kinders word daaraan blootgestel en neem aan die gebruik, of selfs smokkelary deel. By sulke jong kinders het hierdie dwelms 'n direkte impak op die jongmense se liggaams- en breinontwikkeling en kan dit 'n ernstige impak op sy toekoms hê.



Alkohol word voorgehou as 'n goeie middel wat geluk bring.

Ons kan vandag met reg sê dat samelewings vernietig word deur drank en dwelms. Die bende-aktiwiteite in die Kaapse gebiede is ook 'n direkte uitvloeisel van handel in drank en dwelms en gevegte om 'n gebiedsvoordeel wat nie deur die ander bendes betree mag word nie.

Alle mense wat drank en dwelms gebruik, word nie noodwendig verslaaf nie. Die gevaar is egter altyd daar, want as jy gereeld te veel van produkte gebruik, SAL verslawing oor tyd intree. Navorsing oor waarom mense verslaaf raak, het interessante waarnemings aan die lig gebring. Jongmense wat nie in hulle jeugjare sekuriteit en liefde beleef nie, wat nie goeie emosionele bande met hulle ouers vorm nie, wat dalk trauma beleef, se breine ontwikkel nie heeltemal soos ander mense s'n nie. Hulle breine skei nie genoeg van die goedvoelstowwe endorfiene en dopamiene af nie. Omdat drank en dwelms die vrystelling van die stowwe aanhelp, gebruik hulle dus die middels om beter te voel oor hulleself, om te ontvlug van die slegte gevoelens wat hulle ervaar. Die uitwerking van die middels is egter net tydelik.

Daarom moet jy weer en weer die stowwe gebruik. Afhanklikheidstowwe werk sô dat jou toleransie teen die uitwerking van die stowwe aanvanklik verhoog en jy moet al hoe meer daarvan inneem om dieselfde lekker gevoel as aan die begin te ervaar. Om 'n alkoholis te word, is 'n geleidelike proses, daarom besef mense nie betyds die gevaar nie. As jy soggens 'n regmakertjie moet neem om die babbelas en ergste bewering af te skud, is jy reeds in 'n middel-alkoholiese fase. Draai om voordat dit verder gaan, want van hier af kan jy in 'n maalkolk beland waaruit jy bitter moeilik gaan kom!

Verslawing het slegte gevolge vir jou finansies, jou gesinslewe, jou verhouding met jou vriende, jou geestelike lewe en dit takel jou liggaam af. Dit is nie wat God vir jou in gedagte gehad het toe jy gebore is nie. Sy droom vir jou is 'n lewe van vervulling, lewensvreugde, goeie gesinsbande en dat jy iemand sal wees wat 'n positiewe verskil in die samelewing maak.

Ons as ouers het 'n verantwoordelikheid om ons kinders nie net te waarsku oor al die gevare nie, maar om hulle te help om 'n goeie gebalanseerde lewe vol liefde te leef. Ons moet hulle help met 'n positiewe selfbeeld en verantwoordelikhedsin. As hulle liggame gesond kan ontwikkel en hulle geleer word om gesonde keuses te maak, kan ons baie doen om te verhoed dat ons kinders verslaafdes raak.



Dutoit Agri se gesondheidswerkers kry vir die hele semester opleiding oor dwelm- en drankafhanklikheid. Die voorstel was dat elke Landgoed 'n inligtingssessie hou met die nasorggroep, hoërskoolkinders en volwassenes. Lindeshof het sommer dadelik weggespring en al drie sessies reeds in Februarie gehou! Johan Billio van Dogs and All het die drie groepe toegesprek. Die volgende getalle mense was betrokke:

Nasorg: 48 kinders | Hoërskoolleerlinge en jong werkende persone: 29 | Volwassenes : 20 persone.

Mariette le Roux



Baie dankie vir elke skenking wat gestuur is vir die Hart van Omgee projek. Die skenkings is volgens ouderdomsgroepe gesorteer en word binne die volgende maand aan skole in Ceres en Prince Alfred Hamlet gestuur om behoeftige kinders te ondersteun.

AANSTELLINGS & AFTREDES



AANSTELLINGS : **Abé Gaba** – Ontvangsdame / Administratiewe Klerk: Dutoit Groente | **Samantha Johnson** – Finansiële Beampte: Dutoit Groente | **Kobus van der Walt** – Finansiële Rekenmeester: Dutoit Vrugte Verpakking. **Gerhard du Toit** - Operasionele Bestuurder: SeasonFresh | **Revelia Mashego** – Kwaliteit Kontroleerder: SeasonFresh | **Sven Grindstad** - Dutoit Direkte Verkope agent.



OOPLASING/BEVORDERINGS: **Nicole January:** Vanaf Dutoit Groente na Dutoit Hoofkantoor | **Rynand van der Merwe:** Vanaf Dutoit Vrugte Verpakking na Dutoit Agri Finansies – Hoofkantoor. **TYDELIKE AANSTELLINGS:** **Elizna Roux** – Administratiewe Beampte: Kromfontein | **Pieter Erasmus** – Kwaliteitsbestuurder: Oos-Kaap

AFTREDES:



Lynne Burmeister

Ons groet 'n kosbare kollega, vriendin en staatmaker na bykans 31 jaar

Lynne het gedurende haar tyd by ons haarself onderskei as absolute VIP-kundige en het uitstekend daarin geslaag om hierdie kundigheid aan Loondames oor te dra. Sy was uitstekend op die administratiewe- en vergoedingsterrein en het boonop haar passie vir ons pensioenarisse uitgeleef deur hulle deurlopend met hulle navrae en probleme by te staan.



Lynne laat diep spore in ons departement, nie net ten opsigte van haar kundigheid nie, maar haar absolute netheid en korrektheid waarmee sy haar take verrig het. Janice en Johné, wat baie effektief deur haar

afgerig is om haar en Doreen se verantwoordelikhede oor te neem, is nie net 'n goeie bewys van haar vermoë as afrigter nie, maar sy het ook vir hulle 'n ordelike platform gelaat waarop hulle kan voortbou.

Lynne en Deon het reeds na hulle aftreehuis in Tergniet verhuis en ons is saam met hulle opgewonde oor die nuwe seisoen in hulle lewe. Ons vertrou dat hulle 'n wonderlike en

geseënde aftrede saam sal geniet!

Johné Louw het September 2017 reeds by ons aangesluit. Janice Venter was vir bykans 8jr by Vrugteverpakking en het Januarie 2019 by ons departement aangesluit.

Dalene Conradie



Mary van Rooi

Ek het in 1982 op Kromfontein as ontvangsdame begin werk. Op daardie stadium was die skakelbord nog nie so gevorderd soos vandag nie. Gedeelte plaaslyne was algemene praktyk.

Kromfontein was vir 10jaar my tuiste, waarna ons Ceres toe verhuis het. In 2001 het ek weer as Hoofkantoor se ontvangsdame by die Dutoit Groep aangesluit. Ek moes vinnig leer om by die nuwe werksomgewing aan te pas en om die uitdaging van die nuwe skakelbord te bemeester.

Hierdie posisie het ek vir 18 jaar met toewyding beklee en die kernwaardes van die Dutoit Groep probeer uitleef. Toe ek op 31 Januarie 2019 die skakelbord totsiens sê, het ek dit met dankbaarheid teenoor my Hemelse vader gedoen vir die gesondheid en krag wat ek elke dag van Hom ontvang het. My opregte dank gaan ook aan die Direksie en die personeel met wie ek my werksruimte kon deel.

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Mare van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nootgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

Redaksionele beleid: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.